

**15 November**

**'n Nederige mens se oog bly soekend op God, want Hy verstaan en vertroos**

**2 Korintiërs 7:2-16**

**2 Korintiërs 7:6**

Verneder jy jou met jou hele menswees voor God? Is jy werklik in voorspoed dankbaar en in teëspoed geduldig? Bly jou oë turend en vol afwagting op God?

Paulus is in Korinte onder verdenking gebring deur kwaadgesinde mense asof hy sy persoonlike belang gesoek het. Hy beskryf die koms van Titus as 'n hartsvertroostende gawe van God. Titus berig: Deur die brief (die tranebrief) wat Paulus aan die Korintiërs geskryf het, het daar 'n verandering van gesindheid gekom. Wantroue het plek gemaak vir vertroue. Paulus, die stigter van die gemeente en die voorganger in hulle geloof, juig nou oor hierdie verandering. Hy besef dat God besig is om hulle te leer hoe Hy die ewige lewe in hulle harte vestig.

Maar hoe gebeur só 'n lewensommekeer in jou lewe? Die Heilige Gees werk dit! Hy vermurwe jou hart om nie meer na 'n ander te kyk nie, maar eerste na jouself. Dan neem Hy jou terug op jou pad om presies te sien waar jy verkeerd gegaan het. Daar laat Hy jou die regte pad sien. Die pad van nederige soeke na God se wil. Só kom die ware hartsgesindheid – 'n geskeurde hart – aan die lig. Die nederige wat altyddeur bedag is op die eie fout en soekend na God se wil vra.

Daarom: moenie jou vuus bal in teenspoed teen God nie. Hou jou oog soekend op Hom. Buig onder sy beproewende hand!

*Psalm 25:1 en 2 (Totius)*

*Ds. Vasié de Kock (Potchefstroom-Suid)*